

21 September

Psalm 11:1-7 (11:5)

Die oplossing vir geweld

Geweld is 'n werklikheid. In Suid-Afrika heers 'n kultuur van geweld en die spiraal daarvan kan maar net nie verbreek word nie. Geweld is Satan se metode om sake op aarde volgens sy duiwelse oordeel op te los (Eseg. 7:11; Ps. 37:35). Geweld word gebruik om die leuen die skyn van waarheid te gee. Geweld word ingespan om geregtigheid om te keer in onreg en dan die onreg te laat lyk soos geregtigheid. Die eerste geweldenaar was Lameg (Gen. 4:23-24) en daar word ook die naam van Nimrod (Gen. 10:8) genoem. God het die sondvloed oor die mense gebring o.a. vanweë hulle geweld (Gen. 6:13). God haat geweld (Ps. 11:5; Mal 2:16). God haat ook die mense wat geweld liefhet en in die hande van die Satan speel deur gewelddadig op te tree teenoor ander mense. Daar is net een manier om nie op geweld verlief te raak en daarby betrokke te raak nie. Dit is om jou hart in liefde aan God te bind. Op die pad van geweld loop jy die weg waarvan die uiteinde die hel is. Die pad van die liefde is die weg wat uitloop op die ewige lewe. Dit is vanweë God se liefde dat ons van die geweld van die Satan bevry word en deel kan hê aan die verlossing in Jesus Christus (Joh. 3:16). Daarom het die gelowige in die jaar 2000 ook die roeping en opdrag om geweld te bestry en liefde te beoefen.

Sing: Psalm 33:9

Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)